

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

Heilbron **SPAR**

NUWE WINKELTYE

Ma - Vry 07:00 - 18:00

Sat 07:00 - 18:00, Son 08:00 - 14:00

Ons vra asseblief vir u geduld

Ons werk hard om genoeg voorraad te verskaf

POSTNET HEILBRON

se nuwe perseel is Elsstraat 42 (langs Heilbron Herald)
vanaf Woensdag 13 Mei 2020

ONS BESIGHEIDSURE : Maandag - Vrydag 09:00 - 14:00

Copy, print

Digital

Courier

Stationery

Mailboxes

VEILIG TUIS NA "KONSENTRASIEKAMP"

think | shop | support
LOCAL



'n Groep Suid-Afrikaners was vir nege dae in haglike omstandighede vasgevang by kwarantyngeriewe in Mpumalanga. Zithabiseni-konferensiesentrum, naby Groblersdal, het tot vandag sowat 107 mense gehuisves. 'n Groep van byna 60 mense het onlangs teruggekeer van Mosambiek, maar is by die grens voorgekeer en aangesê om na die kwarantynkamp te gaan – onder andere bekende Heilbronniers, Arnold en Chantel Saayman met hulle twee kinders. Na 5 weke se self-isolasie en vakansie in Mosambiek het die Saayman gesin probeer terugkeer huis toe en soos Arnold dit noem, in 'n “konsentrasiekamp” geplaas. Bo en

behalwe die haglike omstandighede wat op die media sirkuleer, was die proses hoe hulle vir COVID-19 getoets is, vir Arnold die slegste. Met aankoms het die groep dadelik begin pleit om getoets te word sodat hulle so gou as moontlik huis toe kan terugkeer, maar hulle moes egter vir 9 dae saamleef in vuil en onveilige toestande, met geen skoon water of ordentlike badkamergeriewe nie. Toilette is sonder deksels en in meeste badkamers is die krane, teëls, beddens en storte onbruikbaar vuil of stukkend. Kakkerlakke is oral in die kaste te sien. Verskeie wilde diere loop vrylik in die kamp rond en veral die bobbejane hou geweldige gevaar

in vir mense en kinders. Tot en met die 5de Mei moes hulle wag om getoets te word vir COVID-19. Die toetsproses behels 'n 180mm tipe oorstokkie wat in die neus gedruk word, en in hulle groep is selfs die klein kindertjies getoets. Arnold vertel dat die mense wat voor hulle op die perseel aangekom het, se kinders glad nie getoets is nie, maar die groep waarin hulle was, moes almal deurloop. Die toets is vir almal op dieselfde manier gedoen, waar 'n toetsmonster vir kinders gewoonlik deur die mond in die agterkant van die keel geneem word. Selfs 'n 1-jarige seuntjie is deur die neus getoets vir die virus. Arnold en sy vrou het in 'n spanpoging hulle twee dogtertjies vasgehou sodat die oorstokkie hulle nie beseer nie. Met geen privaatheid is elkeen onder 'n afdak, op 'n gewone stoel getoets en geen professionaliteit is getoon nie. “Die hele kamp kon jou soos 'n gehoor aanskou” verduidelik Arnold. Na die toetse geneem is, was die einde in sig, maar AfriForum het die

hof genader in die lig van hierdie mense se tyd wat hulle reeds in die kamp spandeer het. Die Hooggeregshof het op 6 Mei beslis dat die kamp onmiddellik moet sluit en die mense die volgende dag huis toe mag keer. Arnold en sy gesin het vroeg Donderdagoggend in die pad geval om huis toe te gaan en kon nie wag om na byna 2 maande in hulle eie beddens te slaap nie. Die toetsuitslae is nog nie aan hulle bekend gemaak nie, maar daar is gesê dat hulle gekontak sal word met die uitslae hetsy dit positief of negatief is. Arnold vertel dat in geheel hierdie ondervinding net uiters sleg was. Die staat is kans gegun tot 18 Mei om met redes na die hof toe terug te keer met 'n verduideliking waarom die kamp wel toegelaat is om as kwarantyn-fasaliteit gebruik te word. Die Saayman gesin is dankbaar om nou tuis te wees. Gaan na Heilbron Herald se Facebook-blad om die reaksies te sien na die aankondiging om huiswaarts te mag keer.

BKB
LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135

Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071

E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

www.bkb.co.za

Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

RIOOL BESOEDELEL MAFUBE

Hierdie saak rakende besoedeling dateer terug tot in die jaar 2007, toe daar ook by Frankfort grootskaalse storting deur die Mafube Munisipaliteit plaasgevind het. Die destydse munisipale bestuurder, Isaac Radebe het versuim om enige stappe te neem om die besoedeling te verhoed of te verminder, selfs nadat 'n hooggeregshofbevel teen hom gebring was. Na baie gesloer deur die NVG, is daar 'n bevel uitgereik vir die inhegtenisname van Radebe weens minagting, maar die NVG het uiteindelik geweier om dit uit te voer. Geen verdere stappe was teen Radebe geneem nie, maar hy is later geskors deur die raad van Mafube weens politieke redes (3 jaar ten volle betaalde “spesiale verlof”) Die hoof finansiële beampte, Andrew Hlubi het na sy skorsing, die pligte van die munisipale bestuurder oorgeneem, maar dinge het steeds net agteruitgegaan en al vyf rioolaanlegte van Mafube het erg verval, met rou riool wat in die Vaalrivier, die Wilgerivier, Liebenbergsvleirivier en ook in die spruit by Cornelia uitgeloop het. Daar is sedert 2015 miljoene rande spandeer om die aanlegte te rehabiliteer (R50M by Villiers alleen), maar verslae van toetse wat gereeld gedoen word, toon dat daar geen verbetering plaasgevind het nie, met veral E-coli vlakke wat onaanvaarbaar hoog is, en 'n teken dat rioolwerke nie funksioneel is nie. Geeneen van die aanlegte wat deur Mafube bedryf word, voldoen aan wetlike vereistes nie, en DWS-lisensievereistes word geïgnoreer. Opleiding en motivering van werkers

ontbreek en geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid word aanvaar deur die amptenary by Mafube nie. Die direkteur van tegniese dienste van Mafube is Diao Ramabitsa. Hy is ook reeds verskeie kere uitgenooi na vergaderings en is verplig om volgens Departement Waterwese en Sanitasie se lisensievoorwaardes die Vaal Reservoir Forum vergaderings by te woon, maar het nog nooit opgedaag nie. Mafube toon hom gereeld op hul notule aan as “absent without apology”, ten spyte daarvan dat hy aan beheer staan van die grootste enkele besoedelaar van die Vaaldam se opvangsgebied. Daar was ook al verskeie DWS direkteure uitgereik aan Mafube maar dit het nog nooit 'n verskil gemaak nie. Mafube Besigheidsforum (MBF) werk al sedert September 2019 daaraan om oplossings aan die munisipaliteit te bied en het in samewerking met Mafube en van die groter plaaslike besighede 'n “Memorandum of Understanding” opgestel wat MBF sou toelaat om die rioolaanlegte, watersuiwering en water-retikulasie op standaard te bring, met behulp van plaaslike kundigheid en finansiering. Dit sou tot voordeel van die hele gemeenskap wees, maar is deur politieke inmengery van die hand gewys en tans is daar ook geen kommunikasie tussen MBF en die munisipaliteit nie. MBF soek tans na ander oplossings wat waarskynlik weer in die hof sal eindig. Een tipiese voorbeeld van Mafube se optrede is, is dat daar in Augustus

2018 'n klag van rommelstorting by SAPD teen die munisipaliteit aanhangig gemaak is, nadat 'n vragmotor van Mafube rommel reg langs die Vaalrivier in Villiers gestort het. Toe die munisipaliteit te hore kom van die klag, was dit gou opgetel en skoongemaak, maar hulle het dit eenvoudig 1 km verder stroomop, waar dit minder opsigtelik was, gaan stort! SAPD het baie moeite en aandag aan die saak bestee, maar na bykans twee jaar se rondstuur het die aanklaer besluit “There was no threat to health by the load that was dumped”. (Sien foto langsaan). Dit is hoogtyd dat die NVG onwettige storting en besoedeling van ons belangrikste waterbron ernstig opneem en oortreders vervolg. Mafube sal natuurlik COVID-19 en die weerhoudingsaksie deur inwoners en besighede blameer en steeds nie aanspreeklikheid of verantwoordelikheid aanvaar nie!



Tannie Johanna Botha word môre 101 jaar oud. Oom Johannes het haar reeds 20 jaar gelede ontval.

Hulle was van die eerste inwoners in Huis Bron van Heil, reeds sedert 1995. Tans is sy die oudste inwoner. Hoewel sy pragtig geskilder het tot ongeveer 2010 is haar sig en gehoor nou uiters swak. Sy word beskryf as iemand met die mooiste geaardheid, stralende liefde, 'n vrou wat nooit kla nie. “Dit gaan baie goed dankie, ek het niks om oor te kla nie”, is haar gereelde antwoord. 'n Voorbeeld vir baie van ons! Foto is op haar 90ste verjaarsdag geneem.

BUITEMUURS LANDBOU-AKADEMIE, REITZ

Om te belê in die toekoms, sal mens moet fokus op die jeug en in Reitz doen hulle dit met die nuwe landbou-akademie waar hoërskoolleerlinge die geleentheid gegee word om die beste inligting te ontvang en ondervinding op te doen in herlewingslandbou en presisieboerdery. Daar is tans 25 Hoërskool Reitz leerders betrokke by die landbou-akademie en dit word begelei deur die graad 10 kurrikulum. Hierdie inisiatief is om kinders die nodige blootstelling, vaardighede en kennis te gee om die landboubedryf in Suid-Afrika te bevorder. Hoërskool Reitz het 5 jaar gelede reeds begin om landbouvakke aan te bied, maar slegs die teoretiese deel daarvan. Dit is waargeneem dat meer prakties benodig word, maar daar is ook 'n tekort aan kundige mense in hierdie veld. Die beheerraad het toe gesels met landbou-organisasies en maatskappye om met 'n plan vorendag te kom waar kinders eerstehands met hierdie bedrywe te doen kan kry. Martin Kruger is die hoof van hierdie nie-winsgewende akademiese organisasie en verduidelik dat die doel daarvan is om terug te ploeg in ons landbou-jeug. Kruger is die koördineerder en sal die teorie aanbied en verder sal hy kenners en boere op verskeie gebiede kry om met die kinders te praat. Hy sal ook die praktiese sessies reël. Daar was groot belangstelling in die akademie, nie net van die voornemende studente nie, maar ook van die rolspelers wat wil betrokke raak. Die hoofborge wat hierdie akademie ondersteun is die VKB-groep, Sernick-groep, Graan SA, John Deere, Hoërskool Reitz en Standard Bank. Die akademiese klasse vind egter nie in skooltyd plaas nie en word as 'n buitemuurse aktiwiteit, gelyk tussen prakties en teorie verdeel. Die kurrikulum fokus op bewarings- en presisielandbou en projekte sluit

onder meer die ontwikkeling van 'n Bonsmara-stoet, 'n konynboerdery en tonnelverbouing in. Bydraes in die vorm van kapitaal, lewende hawe, toerusting, tyd, kennis en passie is gemaak om hierdie akademiese organisasie af te skop en 'n realiteit daarvan te maak. Die hart van plattelandse dorpie lê in hul skole. Talle skole verloor kinders na stedelike gebiede weens die redenering dat geleenthede daardie kant beter is vir kinders, maar Reitz het die ekstra myl geloop om kinders iets anders te bied en daar te hou en die van ver ook te lok. Dit is belangrik om die toekoms van boerdery te bevorder en met hierdie program is die akademie nie net boekekennis nie, maar ook prakties wat nog meer waarde gaan toevoeg tot hierdie inisiatief.





WE'RE TURNING SHOPPING

INTO CARS!



In dié moeilike tye
is ons nog steeds daar vir jou
met ons SPAR Wen 'n Kar
kompetisie



KOMPETISIE STREK VANAF 21 APRIL TO 7 JUNE 2020

My 

KOOP MY OM TE WEN



SPAR Vars Melk met Verlengde Raklewe Slegs Volroom of Lae-Vet 2 liter

24⁹⁹ elk

KOOP MY OM TE WEN



SPAR Macaroni of Spaghetti 500 g

KOOP ENIGE 2 VIR 18⁰⁰

KOOP MY OM TE WEN



SPAR Sardyne in Tamatie - of Pikante Chillisous 400 g

16⁹⁹ elk

KOOP MY OM TE WEN



SPAR Margarien Blok 500 g

KOOP 2 VIR 27⁰⁰

KOOP MY OM TE WEN



Vyf Rose Lynlose Teesakkies 100

34⁹⁹

KOOP MY OM TE WEN



Simba Aartappelskyfies 125 g

MULTI-KOPIE
Koop enige 2 vir **R25⁰⁰**
Kry 'n ekstra **R3 af**
R22⁰⁰

KOOP MY OM TE WEN



Bakers Blue Label Mariebeskuitjies 200 g

KOOP ENIGE 3 VIR 27⁰⁰

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

Die **Skottel** wat alles doen



+300 °C



BERG



WAS



VRIES

PYREX



KOOP KRY 'N PLAKKER VIR ELKE R100 WAT JY SPANDEER

VERSAMEL 15 PLAKKERS EN VOLTÓOI JOU VERSAMELKAART

SPAAR 55% WANNEER JY 'N PYREX® SKOTTTEL KOOP

Promosie begin 10 Maart en eindig 14 Junie 2020. Voltooiende versamelkaarte kan tot 20 Junie 2020 ingeruik word. Plakkers kan by enige SPAR, SUPERSPAR, KWIKSPAR, SPAR MINI, SAVEMOR, EXPRESS- en TOPS of SPAR-winkel versamel word. PYREX® skottels kan slegs by SPAR, SUPERSPAR, KWIKSPAR, SPAR MINI, SAVEMOR en EXPRESS-winkel verkoop word. Winkels in KZN en die Wes- en Oos-Kaap uitgesluit.

ELKE DEELNEMENDE PRODUK WAT JY KOOP GEE JOU NÓG 'N WENKANS!

Beskikbaar by alle SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 5 Mei tot en met 10 Mei 2020, terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Upington of Keimoes area, KwaZulu-Natal, die Laeveld of die Wes- en Oos-Kaap nie.

Vir meer besonderhede: www.spar.co.za of in die winkel

TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in.

Kry ons op   /myspar



Ons sou hierdie week terug gewees het in die kantoor. Maar nou moet dit eers ontsmet word en ons kantoorhoof moet die nodige aankoop: maskers, handreiniger, handskoene, daardie spoegskerms wat jy om jou kop dra, vir ingeval ons met iemand moet praat.

Ek het gewonder of ek nie maar eerder my ou pa se blou sweishelm moet opsit nie. Geen virus sal naby my kan kom nie.

GISTER GAAN EK GOU WINKEL TOE. Ek moes toe maar 'n maskertjie aansit. Die ander dag het ek vir my en my goeie man elkeen een by Dischem gaan koop. Hy het 'n bloue en ek het 'n pienke. Van die pragtigste sislap. Die ding maak omtrent alles toe: van my Frida Kahlo “unibrow” tot onder my kinnebak. (Ek kan nie my eie wenkbroue in toom hou nie, want ek kan nie daar sien as my bril af is nie. En met die bril is dit onmoontlik om die wenkbroue gepluk te kry. Ek dink dit moes geklassifiseer wees as essential services.)

Twee goed skiet deur my brein: die stywe rek wat oor my ore moet gaan en die wete dat jy slegs hierdie ding kan dra indien jy jou tande met 'n fris briesie geborsel het. Andersins kan jy jouself vergas met die simpel ding oor jou gesig. Toe ek uit die winkel, binne-in my kar kom, ruk ek dit af en voel hoe die sweet teen my nek afloop. Ag, nee, dit kan nie so moeilik wees nie.

Het jy gewonder oor my siening van COVID-19, dat dit 'n storm in 'n teekoppie is? Ek staan by my siening. Ek dink daar is soveel mense wat hierdie situasie gebruik vir eie- of politieke gewin.

Ek weet nie wat presies 'n polisiestaat is nie, ek kan ook nie lekker onthou van die aandklokkeel in Suid-Afrika nie. Maar hier is 'n

paar goed wat my pla. Dit is nie goed vir jou gesondheid om te rook nie. Punt. So ook nie om te veel te eet of om onder kragdrade te woon nie. Ons verstaan daai een. Maar hoe kan die staat besluit wanneer sy burgers moet ophou rook? Maklik. Die Prez moet net aankondig dat daar nie meer sigarette te koop aangebied gaan word nie. Cold Turkey, noem die Engelse dit.

Ek wonder hoeveel mense het in hierdie tyd opgehou rook? Ek kan jou waarborg dat dit 'n minuskule klein hoeveelheid mense is. Wat wel gebeur het, is dat die meeste wie se sigarette op is, agtergekom het: A. wie verkoop swartmarksigarette en B. hoe duur is hierdie sigarette nou.

Daar is blykbaar twee beginsels agter die besluit dat die mensdom nie meer sigarette mag aankoop nie. Ten eerste is die rokers meer vatbaar vir COVID-19. En ja, ek glo dit. So is hulle ook meer vatbaar vir asma. Die tweede is dat rokers dalk hulle sigarette met mekaar kan deel. Soos die advertensie lank gelede: Een trekkie vir jou en een vir my.

Dieselfde met drankverkope. Dronk mense weet nie wat hulle doen nie, en kan mekaar makliker aansteek. Ja, ek stem daarmee saam. Ek het egter al baie min in my lewe dronk mense by 'n drankwinkel gesien. Maar dan kan hulle dalk dieselfde met 'n bottel bier doen: slukkies vir jou en een vir my.

Maar dieselfde geld vir kos wat uit dieselfde bak geëet word. But I pack my case.

Bottom line is dat jy nie mense kan forseer om op te hou rook of drink nie. Vra maar die AA. In hierdie geval staan AA vir Alkoholiste Anoniem, nie Automobiël Assosiasie nie.

Die ganse land mog vir die eerste deel van grendeltyd niks buitemuurs geoefen het nie. (Geen rook, geen drink, geen oefening.) Die staat sal besluit wanneer jy weer goed mag doen wat vir jou lekker is.

SO BREEK 1 MEI AAN. Ek staan vroeg op, want ons gaan met die honde stap. Die twee grendeltydhonde wat by ons kuier moet elkeen 'n haltertjie kry. Amy, die wit Labrador gaan lê op haar haltertjie en Pebbles, die bruin Labrador wil weghol met haar haltertjie. My eie persoonlike gefoksdejackrussell hardloop op en af en sy bewe van

opgewondenheid.

My goeie man moet vir Amy en Pebbles bestuur. Amy trek met 'n spoed weg en Pebbles wil eerder oorkant die straat wees. Hy moet klou om altwee die Labradors in min of meer dieselfde rigting te stuur.

Daar is omtrent 12 mense wat naby en rondom ons stap, draf of met die fiets ry. Almal groet opgewonde. Ons was immers asosiaal vir 'n hele paar weke. Dit voel kompleet soos 'n oefenkamp. En almal glimlag. Ek gril my dood toe daar 'n fietse, fikse Fienie by my verbyhol met haar stywe broekie aan. Sy het wragtag nie een kilogram opgetel nie. Siestog, dalk het die arme vrou niks in haar huis gehad om (aanhoudend) te eet nie.

Gelukkig is daar 'n sakkie lemoene (wat nou al peperduur is) in die kas, en ek gaan maak opsluit lekker lemoenslaai toe ons by die huis kom.

HIER IS VIR JOU 'N HEER-LIKE SLAAIRESEP:

6 of 7 lemoene, geskil en in blokkies gesny. (Die oorspronklike resep sê dat die huisies uit die vliesies verwyder moet word, maar dit is gans te veel werk)

1 appel of peer en/of 'n stingel of twee seldery, as jy wil

So 200 ml gewone jogurt

150 ml mayonnaise

Twee tjirtse heuning (so 30 ml)

Sout en peper

Meng eers die sousie, en daarna alles saam. Dit mag vreemd wees om peper in te gooi, maar probeer dit! Dis gou en dis lekker.

Behalwe vir die ander nuutskappings, soos hoeskoes, kiemkoeser, inperkbieser, koronamouna, grandelswendel, pandemiepremie, digi-gim, aankoudend, grendelgriep, is daar een wat ek glad nie kan verdra nie. Ek hoor dit al hoe meer oor die radio en ook op KN Pandemie, die nuusprogram op kyknet. En dit is: “handsaniteerder”.

Saniteerder klink soos 'n ou tannie met lelike spatere wat tee drink. Ek gril vir my dood.

Nouja. Sterkte met die volgende fase van jou lewe.



Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz
Kontak: Petro Pretorius 082 325 1322

GEREELD IN DIE HERALD "WEEKSES" KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Eredienste - Kontak u predikant.

NG SUID

Eredienste - Kontak u predikant.

GEREFORMEERDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant.

NEDERDUITSCH
HERVORMDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant.

AGS, PLEINSTRAAT 72

Eredienste - Kontak u predikant.

CHRISTUS GEMEENTE

Eredienste - Kontak u predikant.

AP-KERK

Eredienste - Kontak u predikant.

METHODIST CHURCH

Contact Pastor Chris Schutte
082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK
PHIRITONA

Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE
GEMEENTE

Kontak pastoor.

EVANGELIES
GEREFORMEERDE KERK
FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Kontak Ds Pieter van Wyk
083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Kontak Pastoor Nico Theron
Sel: 082 880 6477

PENTECOSTAL CENTRE
(Assemblies of God, Sandersville)
Kontak Pastoor B. Bentosha
058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH
MISSION SANDERSVILLE

Kontak Pastoor Joey Pienaar
082 673 2321 of Evangelis
Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK
FRANKFORT

Kontak JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/
MESSIANIC BELIEF

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

RIEMLAND MUSEUM

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius : 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg : 076 646 8576

Heilbron Dienssentrum
Breëstraat 57 | Tel : 072 220 7272

DIENSTE

GiG Technologies
Wireless Internet
087 170 5000

Jenny
Wireless Internet
087 170 5000

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

T4 INFRARED FOREHEAD THERMOMETER

FEATURES:
- Temperature reading can be done without contact
- Infrared sensor
- Measurement time: Less than 1 second
- Large digital screen display
- One button non-invasive
- Easy to use

Price: R1000

082 571 4191
www.peerlandhandel.co.za

SMALLS EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron Tel: (058) 852 3033/4/5 Faks: (058) 853 0140 www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celésté herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

Vir die vervoer van vee en graan asook algemene vervoer met vrag versekering kontak Jacques 0826263215

Juané Vervoer

082 626 3215

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.veissentraal.co.za

VINCENT
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Tel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

KORONATOETS

Het jy 'n hoes?	1
Het jy verkoue?	1
Het jy diaree?	1
Het jy 'n seerkeel?	1
Het jy lyfseer?	1
Het jy hoofpyne?	1
Het jy 'n koors? (hoër as 37.8°C)	1
Sukkel jy om asem te haal?	2
Is jy baie moeg?	2
Het jy gereis in die afgelope 14 dae?	3
Reis jy gereeld in Covid-19-besmette gebiede?	3
Het jy kontak met iemand wat 'n besmette persoon versorg?	3

Merk die punt wat langs die vraag staan en tel dit bymekaar

UITSLAE

0-2 Lae risiko, dit kan stresverwante simptome wees
3-5 Hidreer en pas persoonlike higiëne toe. Hou jouself dop
6-12 Kontak u dokter
12-24 Skakel die COVID-19 noodlyn: 080 002 9999 of

Gaan kyk ook na die aanlyntoets by <https://t.co/xFziqsGaeB>

BETREKKING

SOEK WERK!!!
Ek kan die volgende werk doen. Bouwerk, Pleisterwerk, Verfwerk, Vloerteëls, Draadspan en kan met klip bou. Vir enige navrae kontak Isaac Myulane 083 877 3666

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar. Hannalie Claassen 079 040 0531

Carino Special

1x A2
1x A3
3x A4

082 571 4191

WEERVOORSPELLING

Vr 8 Mei	4 / 24	Sonnig
Sa 9 Mei	6 / 25	Sonnig
So 10 Mei	7 / 24	Sonnig
Ma 11 Mei	6 / 25	Sonnig
Di 12 Mei	8 / 23	Sonnig
Wo 13 Mei	8 / 23	Gedeeltelik bewolk
Do 14 Mei	7 / 23	Gedeeltelik bewolk
Vr 15 Mei	8 / 23	Gedeeltelik bewolk
Sa 16 Mei	8 / 23	Sonnig
So 17 Mei	8 / 23	Sonnig
Ma 18 Mei	9 / 23	Sonnig

AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

GEMEENSKAP

! IN STOCK

PROVIDING A LAYER OF PROTECTION COVERING THE WEARER'S ENTIRE FACE:

- Manufactured from 0.5mm PETG
- Polypropylene Adjustable headband
- Visor height 240mm
- Unit is supplied flat packed & easy to assemble



heraldoffice@hellbron.co.za

Office National

Herald

TE KOOP



Gallon T500 padskraaper @ R150 000
In goeie werkende toestand
Skakel Kerneels Fourie : 072 431 9660

MOEDERSDAG IS HIERDIE SONDAG EN DIS JOU EER OM JOU MA TE BEDERF

Koop vir jou ma 'n geskenkbewys van enige bedrag vir haar om by ons te spandeer

Resepie: 100% natuurlike, 100% handgemaakte, 100% liefdevol



MoedersDag Geskenkbewys

Ter Waarde Van:

R

Aan:

Herald

PUBLIC NOTICE

DRAFT IDP AND DRAFT BUDGET FOR PUBLIC COMMENTS

Community members are hereby informed that Ngwathe Local Municipality will be tabling the draft 2020/2021 IDP and MTREF Draft Budget 2020/21, 2021/22 and 2022/23 on Thursday the 07 May 2020 in line with the Municipal Systems Act as well as Municipal Finance Management Act respectively.

Due to the COVID 19 pandemic regulations published by the National Government, Ngwathe Local Municipality will not hold public participation meetings as usual but instead, community members are requested to submit their written comments and inputs to the municipal offices in Head Office, Parys, P.O Box 359, Parys, 9585 or the following e-mail addresses,

Office of the Municipal Manager
puseletso@ngwathe.co.za

Office of the CFO
cfoadmin@ngwathe.co.za

The draft 2020/2021 IDP and MTREF Draft Budget 2020/21, 2021/22 and 2022/23 as tabled to Council shall be accessed from our www.ngwathe.fs.gov.za with effect from Friday 08 May 2020.

Closing date for the submissions of the public comments and inputs is Friday the 29 May 2020 at 12H00.

TRUSTING YOU FIND THE ABOVE IN ORDER.

.....
BW KANNEMEYER
MUNICIPAL MANAGER

Herald

Office National

Afslag op alle klere in die winkel!

30% AFSLAG

EVENBREED GROEP 15de PRODUKSIEVEILING

Donderdag 14 Mei 2020 | 11:00 | Diepfontein, Frankfort

TOP kwaliteit diere op aanbod!



230 BONSMARA-KRUIS
30+30 Koeie met Kalwers
80 Swaardragtige koeie
60 Dragtige verse (5-6mnde)
30 Oop verse (±320kg)

1115 MERINO
15 Evenbreed Ramme
400 Dragtige oole (Volbek)
350 Dragtige oole (6-T tot Volbek)
200 Dragtige oole (4-6T)
150 Dragtige oole (4T)

NOTA: Beeste TB en BM skoon. Dragtig gesteriliseer deur dr. Neels Cilliers. Vrugharheid en Wolkwaliteit van hoogstaande gehalte (19-21mikron). 4 mnde wol. Ooie lam vanaf Julie.

PJ Müller - 060 966 9340
Corjan de Jager - 079 506 8777
Fanie vd Merwe - 082 494 3127

ROFTE:
Vanaf Frankfort - Neem Haalbronpad vir ±8km. Draai links op Petrus Steyn grondpad vir 17km. Plaas op linkerkant.
GPS: S 27°24'12.3" E 28°21'33.7"

FRANKFORT

VLEISSENTRAAL BETHLEHEM
058 303 5226
www.vleissentraal.co.za

VOORKOMING: DRA JOU MASKER

Verskeie lande soos Suid-Korea en Hong Kong presteer tans beter in die COVID-19-pandemie in vergelyking met ander lande. Die rede hiervoor is dat meerderheid van die mense in hierdie lande maskers dra – dit is dus die moeite werd om dit plaaslik ook toe te pas. Alhoewel ons tans in Vlak 4 van die risiko-aangepaste strategie is, is ons steeds in die inperkingsperiode en is dit verpligtend om maskers te dra wanneer jy uitgaan. Voorsorg is beter as die prys wat betaal moet word vir nasorg en een van die eienskappe van die COVID-19 virus is dat dit vinnig versprei omdat dit min tot geen simptome toon of eers 'n paar dae later opgemerk word. In die typerk wat geen simptome getoon word nie, kan die siekte reeds oorgedra word. Maskers help om verspreiding van die virus te bekamp, dit verminder jou kans om die siekte op te doen en verminder aanraking met jou mond en neus aangesien jou gesig bedek is. Die dra van gesigmaskers het die

dorp behoorlik aan die gons, veral indien jy 'n supermark of winkel wou betree en geweier is. Dit is steeds belangrik om jou hande so gereeld as moontlik te was. Kom ons almal werk saam om dié pandemie so vinnig moontlik die hok te slaan.



MASKERS

SOEKIE SANDRA KROG

As iemand my sou vra
Hoekom ek 'n masker dra
Dan sal ek net vir hom sê
Dis wat ons President wil hê

Wanneer ek weer skool toe gaan
Kan ek net met 'n masker aan
Oor my neus en oor my mond
Dit hou glo die hele wêreld gesond

As ek sonder 'n masker hoes of nies
Maak ek net al die mense vies
Want dalk steek iemand met
die virus aan
En word siek en moet hospitaal
toe gaan

Ek haak die masker oor my ore
Anders raak dit gou verlore
En vanaand moet ek die masker was
En weer aansit voor die skool se klas

Ek kan daarmee nie lekker eet nie
Ek hoe moet ek nou alles ruik?
Ek hoor nie mooi as iemand praat nie
Ek sien dat almal baie snaaks lyk!

Hierdie siekte is glad nie 'n grap nie
Hulle sê dat ek nie eers my gesig kan
krap nie!
Vir eers is sport en buitemuurs uit
Ag, hoekom het hulle dit besluit?

Ek moet vêr weg sit van al my maats
En juffrou-drukkies is nou skaars
Ek spuit gereeld my hande skoon
Dat geen 'Corona' op my kan woon

Maar gelukkig is dit net vir 'n tyd
Dan smyt ons al die maskers uit
En speel met almal dat dit so bars
Sonder om tien keer hande te was!

SALGGATE EIS WIELE

Die inperkingsperiode veroorsaak nie net dat besighede swaarkry nie, maar die dorp se reeds swak infrastruktuur lei ook daaronder. Slaggate duik nou weer orals op en waneer jy onvermydelik deur een moet ry, mag dit dalk jou motor baie skade berokken. Op so 'n manier het Jacomien Harmse die afgelope Maandag haar motor se een band verloor en skade opgedoen aan die wiel se *rim*. Indien jy die afdraai neem vanaf Kerkstraat na Clover se rigting en in Vrystraat ry en gelukkig genoeg is om alleen op die pad te

wees, is dit moontlik om die slaggate mis te ry. Wanneer beide bane gebruik word, word jy egter noodgedwonge deur sommige gate geforseer. 'n Beroep word gedoen op die mense wat hierdie straat gebruik om versigtig te wees. Nie ver van hierdie gat af nie is daar nog een wat opduik en binnekort net so gevaarlik gaan wees. Jacomien het reeds hierdie gat aangemeld nog voor die inperkingsperiode begin het, maar die munisipaliteit het gepleit dat daar nie nou die nodige finansies en teer is daarvoor nie.



Dalk het jy alles onder beheer en is die Gordon Ramsay van die huis in die kombuis besig met 'n spaan in die een hand en twee eiers in die ander. Kraak, skei en sit die eier in die bak... met 'n bietjie wyn. Hier is 'n paar wenke om die lewe in die kombuis te vergemaklik.

Hou aartappels wit

Wanneer aartappels klaar geskil is, plaas dit in koue water voor dit gekook word. Dit sal verhoed dat die aartappels bruin word en van kleur verander.

Vrot tamaties

Stoor tamaties eerder by kamertemperatuur en nie in die yskas nie. Bêre dit ook met die stingelkant na onder om te verhoed dat enige vog uitloop. Die tamaties sal op dié manier langer hou.

Vars piesangs

Om jou piesangs vars te hou, draai die stingels wat al die piesangs verbind toe met 'Glad Wrap'. Dit is nog beter om die piesangs van mekaar los te breek. Hierdie sal voorkom dat die piesangs nie te vinnig ryp word nie.

Harde suiker

Om te voorkom dat bruin suiker hard word, plaas 'n lemoenskil of 'n stukkie appel tesame met die suiker in 'n lugdigte houer. Om harde suiker vinnig sag te maak, mikrogolf dit 'n rukkie saam met 'n glasie water. Die vog binne sal help om die blok op te breek.

Eierdopstukkies

Wanneer 'n stukkie van die eierdop in die mengsel beland het, gebruik die halwe eierdop om die stukkie uit te skep. Die dop reageer as 'n magneet en sodoende gaan daar nie baie eier verlore nie.

Skei jou eier

Skei die eierwit en geel deur 'n plastiekwaterbottel liggies oor 'n gebreekte eier te druk. As die bottel weer met lug opblaas, sal dit die geel opsuig. Dit mag dalk 'n paar probeerslae neem om hierdie suksesvol reg te kry.

Skil sitrusvrugte

Om 'n gemors en frustrasie te vermy, rol die sitrusvrug of mikrogolf die vrug vir 'n minuut om die skilproses te vergemaklik. Wees versigtig om nie te brand nie.

Ontpit en skil 'n avokadopeer


Sny die avokadopeer in 4 kwarte in die lengte om die vrug van die pit weg te breek. By die punt spring die pit af. Sny dan die vrug onder die puntjie van die skil van elke stukkie, en skil dit soos 'n piesang.

Haal aarbeie se stingel uit

Gebruik 'n strooitjie om die wit middelste gedeelte van die aarbeie te verwyder. Druk die strooitjie regdeur die middel sodat die aarbeie hol is in die binnekant.

Uie gee trane

Om trane te keer wanneer jy uie skil, vries die ui voor jy dit opkap. Hierdie is nie altyd maklik nie omdat jy jou moet beplan voordat jy kook. Indien jy 'n bietjie laf wil lyk vir die res van die mense in die huishouding, plaas 'n snytjie brood in jou mond met die helfte buite, dit sal die irriterende gas absorbeer voor dit jou oë bereik.



MANNE EET NIE OP HUL SKOOT NIE

Saudade . . . dit is Portugees!

Lees nou die dag dat dit die mooiste beskrywing is vir daardie nostalgie, heimwee wat 'n mens (veral op die *hoogere* ouderdom) soms oorval. Ja, jy weet mos, amper iets soos daardie gevoel wat 'n jong man kry na 'n liefdesteleurstelling – nou nie heeltemal soos waar jy voel dat jou hele wêreld nooit weer dieselfde sal wees en die pyn in jou maag nooit weer sal vergaan nie!

Sit nou die dag in “lockdown” en die tronkgevoel – weet nie eintlik hoe 'n tronkgevoel moet voel nie – spoel oor my net toe “yours truly” se eggenote die aandete voor die TV bedien.

Nou daar is een ding wat 'n man mee sukkel en dit is om op sy skoot te eet. Weet nie hoekom nie maar 'n man eet aan tafel!

Met al die woelinge oor die “etery” kom die gedagte by my op hoe hoog is 'n tafel van die grond af en hoe hoog staan die teetafel van die grond af. Nie een van die twee

los die probleem op nie. Die ou mense het 'n TV-tafel gehad. So tussen 'n tafel en teetafel. Hulle het geweet hoe moeilik dit is om uit 'n laagsittende stoel of bank op te staan – dit het gekreun gekos!

Dit het heeltemal in onbruik geword – wonder hoekom? Dit was daardie dae toe die “Kassie” net sy verskyning gemaak het. Nie dat daar hedendaags minder TV gekyk word nie met al die heruitsendings en al.

Daar is nou die ideale “uitvindsel” wat baie liefde en vrede in die huis sal bring – dalk net die ding wat my goeie vriend Dolf Ado aanmekaar kan timmer. Met 'n bietjie “Joodse” geluk kan iets dalk gebeur – by wyse van spreke!

Van hoogtes gepraat – met die westewind en die winterkoue op pad kom die volgende oor my pad...

Uit die hoogtes word die mens se siel gewaai

Van Noord na Suid van Wes na Oos

En nou en dan hak hy aan 'n taaibos vas dan sweef hy verder, na jare land

hy êrens.

Dan styg hy deur die wolke en rus by sy Skepper in vrede.

Van bakens gepraat - Heilbron het twee baie oud en hoë palmbome gehad - nou net een. Sien nou die dag op die TV dat met al die orkane en verwoestende storms in die VSA buig die bome omtrent gelyk het die paaie, maar staan hul man. Merkwaardige bome omrede hul wortels maar vlak lê.

Die oorlewende palmboom staan agter die Melkkoei-winkel – amper op die hoek van Kerk- en Pleinstraat.

Die twee palms was seker die oudste oorlewendes van Heilbron se geskiedenis. Jammer dat een nou gevrek het. Hulle het baie winde van veranderinge beleef.

Oorlewing en uit Heilbron se geskiedenisboek staan daar opgeteken dat Andrew Smit, Heilbron se eerste apteker en 'n wonderlike tuinier, dit aangeplant het. 'n Vroom en vrygewige man wat gereeld vrugte by die skool uitgedeel het!

Hierdie Saudade gevoel is 'n tyd wat baie herinneringe na vore bring. Vra nou die dag wie het al op 'n klapperhaarmatras geslaap en slegs een persoon het laat weet. Nig Ria het in haar laerskool-koshuis dae op een geslaap.

Ons maat, Jan Slookraal, het toe die vraag gevra wie het op 'n mielieblaarmatras geslaap. Hy onthou nog goed hoe hulle die klapperhaar gepluis en gewas het. Die klapperhaarmatras het die neiging gehad om klonte te maak en kliphard te word – dan moet dit eers weer gewas word. Voor dit in die water gesit word is dit eers met stokke geslaan om die bruin stof uit te kry. Dit was altyd op 'n Saterdagoggend – weet mos dan was daar nie skool nie en Sondag was kerkdag.

Dalk is daar meer lesers wat dit kan onthou en hul ondervindings wil deel. Het u geweet dat 'n Heilbronner waargeneem het as President van die destydse Vrystaatse Republiek tydens een van President Steyn se besoeke aan President Kruger. Volgende week vertel ons meer daarvan!

Time Gentlemen – Tom Watson

POSITION TITLE	Technical Manager, Pakworks (Pty) Ltd
MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS	Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies. The position will report to the Managing Director and the main objective of this position is to ensure achievement of cost, service and productivity objectives through the management of all plant operations. In addition, this position has accountability for the management of the engineering store, effective reporting and the overall condition of the site and facility.
LOCATION	The position will be based in Heilbron, South Africa.
REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING	Electrical or Mechanical Engineering preferably in a food processing environment Computer literate – MS Office Communication and Leadership Skills Business Excellence
REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE	- Minimum 5 years' experience in an FMCG environment - Project Management - Technical understanding - Preventative maintenance - OHS management
KEY PERFORMANCE AREAS	- Effective management of the engineering store. - Ensure compliance to environmental standards and requirements. - Shared accountability with engineering department to ensure proper maintenance of all production equipment. - Accountable for all assigned projects. - Shared accountability with the quality and food safety department in order to ensure the achievement of AIB and BRC targets. - Assisting production teams with improving overall plant efficiency to meet cost and productivity objectives. - Ensuring safe working practices within area of responsibility. - Maintenance and upgrade of the facility including gardens and surrounds. - Preventative Maintenance. - Management of the engineering team.
COMPETENCIES	- Mechanical and hygienic engineering knowledge - Knowledge of the food industry - Drive for results and action orientated - People management - Communication skills
BEHAVIOURAL COMPETENCIES	- Highly motivated and results orientated. - Critical thinker - Ability to trouble shoot, remain calm and initiate effective solution in crisis. - Pro-active - Live the Company's values.